

2 OKTOBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 101 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: PSALM 101:2, 8**

'n Opregte, koninklike lewe voor die HERE

Psalm 101 gee grondbeginsels vir 'n koning se lewe. Dawid besing eers die HERE se lof, sy goedertierenheid en reg (vs. 1), omdat Hy die volmaakte Koning is. Dan volg die eise vir die aardse koning. Hy sal noukeurig ag gee op sy lewe dat dit onberispelik is, na God se wil, sodat hy altyd voor Hom kan verskyn (vs. 2a). In sy huisgesin sal hy skandelige dinge nie laat wortel skiet nie (vs. 2b-3). In sy amptelike lewe sal hy rondom hom geen kwaadspreker, hoogmoedige, verdrukker, leuenaar, bedrieër en korrupte duld nie (vs. 3-5, 7). Sy dienaars en raadslede sal getroue en opregte mense wees (vs. 6). Ten slotte sal hy volgens die gewoonte van Oosterse vorste, elke more die regterstoel bestyg (Jer. 21:12) om die wat weier om God se wet te hou, te vonnis en hulle uit te roei uit die Godstad.

Uit 2 Samuel weet ons dat Dawid uiteindelik self hierdie eise nie kon nakom nie. Daarom styg hierdie psalm bo Dawid uit en vind dit in Christus vervulling. Hy is uiteindelik die volmaakte Koning wat aan al die vereistes voldoen het, ons verlos en deur sy Gees vernuwe het, om al meer die vereistes te kan nakom, as konings wat deel aan sy salwing.

In die tyd waarin bandeloosheid en korrupsie in regerings floreer, is dit sekerlik nodig dat regeerders en staatsamptenare kennis neem van die hoë eise wat die Here, die enigste ware Koning en Heerser, hier aan hulle stel ten opsigte van hulle persoonlike en amptelike lewe.

Maar waar ons elkeen in Christus koning is, vermaan die psalm ons dat ook ons die kwaad in ons eie lewe moet teëgaan en dit geen vatplek moet gee nie. Ons moet as konings ook elke môre die regterstoel in ons lewe bestyg en ons eie sondekorrupsie in ons daaglikse bekering deur die Gees se werking uitroei en opreg voor die Here leef.

Sing: Psalm 25:2 (1936-beryming)

Ds Jaco Putter (Potgietersrus)